

**20 Mei**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 10:32-39**  
**Fokusgedeelte: Hebreërs 10:35, 36**

**Geloofsgroei is nodig om staande te kan bly tot met die wederkoms**

Die skrywer wys sy lesers op die verlede, toe hulle tot geloof gekom het en sterk geloofsvertroue in die Here gehad het. Destyds het hulle groot geloofsbeproevinge deurgemaak. Hulle is deur hulle vroeëre heidense vriende bespot. Daar is eintlik 'n skouspel van hulle gemaak. Maar hulle geloofsvertroue het hulle daardeur gedra en hulle kon hulle selfs met ander Christene vereenselwig wat dieselfde lyding moes deurmaak.

In vers 35, 36 vermaan die skrywer hulle nou dat hulle nie hulle geloofsywer moet verloor nou dat dit met hulle goed gaan nie. Hulle moet steeds in die geloofsvertroue van vroeër volhard. As hulle nou verslap, gaan God se beloftes nie vir hulle 'n werklikheid word nie. God het vir ons die geloof gegee en nou moet ons uit dankbaarheid ook groei in daardie geloof deur nie die werking van die Heilige Gees teë te staan nie, maar steeds die Here se wil te doen. Anders sal ons nie die beloning van die ewige lewe ontvang nie.

Die genadige verlossing van Christus hou nie net in dat ons geloof ontvang het nie, maar daardie genade dryf ons ook om nou in die geloof te groei deur voortdurend God se wil te doen. Daar moet dus geloofsgroei in jou lewe plaasvind. Miskien kan jy ook na die verlede kyk en sien hoe jy in groot beproewinge alleen op die Here kon vertrou het. Juis dit moet 'n aansporing wees om elke dag van jou lewe te volhard in die geloof. Dis net jou geloofsvertroue wat jou deur beproewinge kon dra, en nou weet jy dat dit net volharding in die geloof is wat jou tot met die wederkoms van die Here staande gaan hou.

Bid dat die Here jou moet help om te volhard sodat jy die hemelse beloning sal ontvang om ewig saam met God te lewe.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2*

*Ds. MAF (Andries) Kruger (Alberton)*